HEIDEKOPPIE NUUS

BELEEF BEHOORT BEDIEN

"Jesus is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom.
Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom."

EREDIENSTE

VANDAG

Deuroffers: Uitreikbediening

Een Oggenddiens om 08:30
Peet van Zyl
Matt 3:13-17
Jesus word gedoop.

SONDAG 18 JAN

08:30
- Kontemporêre Diens
- Bababediening, Kinderkerke, Space

10:15
Klassieke Diens

19:00
Open Door Sundays

2026 – "KOM NA MY TOE ..."

Fokusteks: Matteus 11:28-30

Fokustemas: Identiteit en Tuiskoms

Welkom terug! Ons vertrou dat 2026 vir elkeen `n besondere goeie en geseënde jaar sal wees. Ons is egter deeglik bewus daarvan dat die lewe veral ook groot uitdagings, verliese, hartseer en spanning inhou.

In 2026 nooi God jou met oop arms uit:
"Kom na My toe!" (Matteus 11:28)

Die lied van Crowder, *"Come as you are"* , verwoord hoe die lewe heel dikwels is... maar God wag nie vir perfekte mense en perfekte oomblikke nie. Hy nooi jou nóú: "*Come as you are*".

Seënwense
Anton & Adam

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie / https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 adam@heidekoppie.com

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!

JANUARIE
11: Corrie Snyman, Nico Visser
12: Estelle O'Kenndy (70jr)
13: Pieter Jooste
14: Anna Nagel (94jr), Lily van Zyl
15: Leonie Doveton

LIDMAATDATA

Het jou inligting die afgelope tyd verander? (Adres, huwelikstatus, beroep, kontakbesonderhede ens.)

Laat weet asb vir Suzette by die kerkkantoor (ontvangs@heidekoppie.com) sodat ons die inligting op datum kan bring.

DANKOFFERS

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

PERSONEEL

Rus in Vrede

JANETTA DAVIDS

Ons het met hartseer afskeid geneem van Janetta Davids, ons geliefde skoonmaker van 20 jaar, wat op Oujaarsdag oorlede is. Ons bid vir haar ma, kinders, kleinkinders en ander familie.

Baie geluk aan Ds Anton en Suzette wat albei in die vakansie 'n kleinkind ryker geword het!

Johanna, ons koster, het gedurende Desember 'n hartaanval gehad en sterk mooi aan. Sy begin weer môre werk. Ons bid vir volkome herstel.

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell Universele Kode: 632005 , Tjekrekening nr 145 058 0674

KINDERS EN TIENERS

Die skole begin Woensdag en die Kinderkerke en Space is weer aan die gang vanaf eerskomende Sondag 18 Januarie!
Sondagoggende gedurende die kontemporêre diens om 08:30 is daar Bababediening asook afsonderlike Kinderkerke vir peuters, kleuters, Gr1-3 en Gr4-6. Daar is ook Space ("senior kategese") vir Gr7-10.

Lokale:
Kinderkerke: Die maklikste ingang na die Kinderkerke is vanaf die agterste parkeerterrein en dan deur die dubbeldeure op die agterste stoep. Voorskoolse kinders is op die onderste vlak en laerskoolkinders is op die eerste vloer. Die lokale is gemerk.

SPACE: Onderste saal: Die maklikste ingang is vanaf die agterste parkeerterrein.

GR 11 BELYDENISKLAS

25 Januarie 2025 om 16:30

Slegs die OUERS woon op Sondagmiddag 25 Januarie om 16:30 'n inligtingsessie in die onderste saal by. Maak asb verskoning by Adam by 074 172 9187 indien jy nie daar kan wees nie.

SKOLE HEROPEN

Bid saam vir skole, kleuterskole, nasorg- en onderrigsentrums, personeel, ouers en kinders.

Bid dat kinders sal ontwikkel tot die beste mense wat hulle kan wees en dat God hierdeur verheerlik sal word!

"Ek sal volop water gee op die dorsland,
strome op die droë grond.
Ek sal my Gees uitgiet op jou kinders,
my seën op jou nakomelinge."
Jesaja 44:3

ALLERLEI

KALENDER 2026

Kalenders word ook elektronies versprei. Stuur 'n e-pos na admin@heidekoppie.com om dit te ontvang.

HUWELIKSVOORBEREIDINGS-KURSUS

Alle paartjies wat vanjaar gaan trou, woon die hierdie kursus by.

Saterdag 7 Februarie 09:00 - ±13:30

Meer besonderhede vlg week.

NIC EN TINA

Nic skryf uit Madagaskar:

Geliefdes! Ek vertrou julle het almal 'n geseënde Kerstyd beleef. Ons is terug in die tuig na 'n welkome paar dae van rus.

Ons is midde in die reënseisoen en word mildelik geseën. Daar is tans 'n uitbraak van "monkey-pocks" hier op die eiland. Die provinsies het reeds voorkomingsmaatreëls begin instel, maar daar is reeds meer as 1 000 gevalle in 4 provinsies aangemeld waaronder 'n onbekende aantal sterftes. Bid asb. saam met ons dat die situasie nie handuit ruk nie.

Op die politieke front is dit steeds onstabiel. Die publiek en gemeenskapsorganisasies spreek hul ontevredenheid uit. Bid saam met ons dat die probleme vinnig en vreedsaam opgelos sal word.

My gebed vir elkeen vir 2026 is 'n gelukkige, vol seën, gesonde en voorspoedige jaar. Mag jou persoonlike verhouding met Jesus die fokus van jou nuwe jaar wees! Vrede vir julle! 💜✝️🕊️

Kyk net hoe vorder die Opleidingsentrum!





BID SAAM

Volgens die Bybel is die beste manier om bekommernis te hanteer deur gebed. Niks – absoluut niks – in jou lewe verras God nie. Niks betrap Hom onkant nie.

Om te leer om sonder ophou te bid, bring vertroosting in jou verwarring, danksy Sy leiding en rigting.

"Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus."
Filippense 4:6-7 AFR53

Bron: Bybelwoord (Facebook)

BRANDE

Kouga

Mosselbaai

Bid saam vir almal wat geraak is deur die verwoestende brande die afgelope week. Bid ook vir almal wat op watter wyse ookal betrokke is by brandbestryding en hulpverlening.


Stanford

Racham bied aan:

2026 VERJAARSDAG-PROJEK

HOEKOM?

Die doel van hierdie projek is om 'n verskil te maak in die lewens van ons Racham gesinne. Hierdie gesinne se finansiële uitdagings maak dit dikwels onmoontlik om verjaarsdae te vier. Racham ondersteun tans 98 mense, met ouderdomme wat wissel van 2 jaar oud tot 80 jaar oud. Met jou hulp wil ons verseker dat elkeen spesiaal voel op hulle verjaarsdag. 'n Klein geskenkie sal ver gaan om hulle te herinner dat hulle spesiaal en geliefd is.

HOE:

Borg 'n geskenk: Jy kies volgens ouderdom wie jy wil borg (geen name of persoonlike inligting word gedeel nie).

Ons sal jou dan in die betrokke verjaarsdagmaand kontak om jou te herinner om die geskenk af te gee, waarna ons die aflewering van die geskenk sal hanteer.

Borg 'n koek: vir ons jong verjaarsdag maatjies wil ons graag 'n koek op hulle verjaarsdag stuur.

Gee 'n kontant bydrae waarmee ons self geskenkies kan aankoop.

WAAROM 'N GESKENK BORG:

Jou borgskap is meer as net 'n materiële bydrae.
Dit is 'n boodskap van hoop en liefde.
Dit is 'n manier om ons roeping te vervul om vir mekaar om te gee en om die bande binne ons kerkfamilie te versterk.

KONTAK ONS:

Yvonne: 0832591571
Lucindia: 0781107198

HEIDEKOPPIE

IN DIE OMGEWING

Het jy 'n gade aan die dood afgestaan?

Woon gerus hierdie seminaar by.

Belangstellende kan registreer by: https://find.griefshare.org/events/279564

Meer inligting or wat dit behels:

https://youtu.be/ZxgcujSajWA?si=b66fhIh7gSX95YO

NG GEMEENTE BELLVILLE-NOORD
VAKATURE: SKRIBA

Volwasse, ervare individu met balans tussen taak-gerigtheid en mensgerigtheid.
Werksure: Dinsdag - Vrydag van 09:00 tot 13:00 en eerste So van elke maand, na kerk (Meathstraat 69)

Pligte Sluit o.a. in

1. Algemene admin: Ontvangs, telefoon en navrae, weeklikse aankondigings, skakeling met leraars en kerkvergaderings, notules, lidmaatregisters.
2. Finansies (werk nou saam met die finansiële beampte): Tel van geld, kwitansies, betaal van lone, salarisse, WVF, belasting, basiese boekhou.

Vereistes: Minimum: Graad 12, 3jr ondervinding in verkieslik kerklike, finansiële en administratiewe omge-wings. Vaardig in Excel, MS Word, Outlook, PowerPoint. Vertroud met plasing van inhoud op sosiale media.

Vergoeding: Onderhandelbaar

Aansoeke:
Rig aan Die Kerkraadvoorsitter en stuur per e-pos aan ngkbellnoord@mweb.co.za .
Aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV.
Sluitingsdatum: 15 Januarie 2026
Diensaanvaarding: 01 Februarie 2026.
Navrae: Bianca Kitching by 021 948 1624 of ngkbellnoord@mweb.co.za
Volledige advertensie by https://kaapkerk.co.za/skriba2025_bellville-noord/

TUISVERSORGER BESKIKBAAR

Tuisversorger (dame) met ervaring en verwysings beskikbaar. Kontak Jackie by die kerkkantoor.

"Die hemele verkondig
die heerlikheid van God.
Die uitspansel getuig
van die werk van sy hande."
Psalm 19:2

There will be no more night. They will not need the light of a lamp or the light of the sun, for the Lord God will give them light. ---Revelation 22:5

VIR DIE KINDERS

my doop

Lees: Matteus 3:16-17

My doopname is:

My doopdatum is:

Mense by my doop:

Die belofte wat God my gegee het:

- ◯ God het my gekies
- ◯ Ek is God se kind
- ◯ Die Here is altyd by my
- ◯ Jesus het vir my gesterf en opgestaan

Teks:

Ek is gedoop in die Naam van...

‘n Storie oor my doop...

Waar is ek gedoop en deur wie?

My ouers se belofte:

My doop beteken vir my...